# Gebruiksaanwysings

# Woodoc 40 Klip en Steen Verseëlaar

# Binnenshuis en Buitenshuis

## WAAR OM PRODUK TE GEBRUIK

**Binnenshuise/buitenshuise gebruik op onverseëlde poreuse klip en stene.**

**Nie geskik vir gebruik op teëls/kleiteëls/sierstene/leiklip nie.**

**Nie geskik vir gebruik op loop- of klam oppervlakke nie.**

Wag 4 – 6 weke voordat nuwe oppervlakke verseël word.

## HOE OM DIE OPPERVLAK VOOR TE BEREI

Oppervlakke moet heeltemal skoon en droog wees voor aanwending van die produk. Die produk is ’n kleurlose verseëlaar wat vuilheid sal inseël indien opprvlak nie heeltemal skoon is voor aanwending nie.

## HOE OM DIE PRODUK AAN TE WEND

**Roer goed** met plat spaan voor en gedurende aanwending. Moenie produk skud of verdun nie. **Wend altyd ’n minimum van drie lae op nuwe substrate aan.** Wend produk met hoëgehalte kwas aan. Wend eerste laag aan totdat die oppervlak egalig blinknat bly vir ten minste 10 minute na aanwending. Wend nog produk op dowwe/droë kolle aan. Laat produk **heeltemal** droog word. Wend nog 2 lae so aan.

## DEKKING

± 10 m²/liter per laag (± 3,3 m² vir 3 lae)

## WAARBORG

**Rekara Mills (Edms.) Bpk. Waarborg dat hierdie produk, soos versend vanaf ons fabriek, aan streng gehaltebeheertoetse onderwerp is en aan duursaamheid-, veiligheid- en gehaltestandaarde voldoen. Die produk moet streng volgens die aanwysings en waarskuwings op die houer en/of enige pamflet aan die houer geheg of daarmee saam beskikbaar gemaak, hanteer, geberg en gebruik word. Indien alle sodanige instruksies en waarskuwings nie streng gevolg word nie, aanvaar Rekara Mills (Edms.) Bpk. geen verantwoordelikheid vir die gebruik van die produk nie.**